

Die duurste spoormineraal is die een wat **NIE WERK NIE**

Deur Zeno Bester, Chemuniqué

Die voerkraalprodusent poog om vleis so doeltreffend as moontlik te produseer en 'n goeie winsmarge te genereer. Om bloot spoormineraal aan te vul vir 'n gesonde bees met 'n blink haarkleed is net nie die moeite werd nie. Waarom sal mineraalaanvullings die voerkraalprodusent dan baat?

Hoefprobleme

Tot 70% van alle beeste wat uitgeskot word omdat hulle nie presteer nie en tot 16% van alle gesondheidsprobleme in die voerkraal kan aan hoofprobleme toegeskryf word. Die gemiddelde daaglikse toename (GDT) van beeste met hoofprobleme in die voerkraal is 5,5% laer as dié van gesonde diere.

Oplossing: Sink is belangrik vir die sintese van strukturele proteïene in die hoofwand, handhaaf strukturele integriteit, herstel beskadigde epiteelweefsel van die hoof en verbeter dus hoofgesondheid. Availa-Zn[®] verminder die voorkoms van hoofprobleme en verhoog GDT ($P < 0,06$).

Swak groei en prestasie

Vleisproduksie of spierneerlegging benodig 'n groot hoeveelheid voedingstowwe waarvan sink een van die belangrikste komponente is om groei te handhaaf. Wanneer diere 'n beta-agonis gevoer word in die laaste maand van afronding, verhoog die sinkbehoefte selfs verder om groei te ondersteun.

Oplossing: 'n Samevatting van 22 wetenskaplike navorsingstudies met vleisbeeste (waar 6 000 voerkraalbeeste gebruik is) bewys dat Availa-Zn[®] 'n hoogs betekenisvolle, konstante verbetering in GDT van 3,26% en 4,05% in voeromsetverhouding (VOV) verseker ($p < 0,01$). Zinpro Availa-Zn[®] saam met 'n beta-agonis gevoer vir die laaste 28 dae van afronding lewer 'n verhoging van 19kg addisionele lewende gewig en 14kg warm karkasmasse ($p < 0,01$).

Aanvangsfase

Kalwers wat nuut in die voerkraal inkom, se voerinname is gewoonlik 'n probleem en hul immuunstelsel is dikwels verswak, wat hul prestasie oor die hele vetmaakperiode beïnvloed.

Oplossing: Deur Availa-4[®] (sink, mangaan, koper en kobalt) in die aanvangsrantsoen aan te vul, verbeter GDT, verlaag morbiditeit en verlaag die behandelingskoste met 72% oor die

behandelingsperiode heen ($p < 0,05$). Kobalt is 'n noodsaaklike spoormineraal tydens die aanvangsfase en belangrik vir die sintese van vitamien B12, dit help rumenmikrobes aan veselpartikels heg en ondersteun dus veselvertering, verhoog voerinname en die beskikbaarheid van energie.

MiCroplex 3%[®] is 'n hoogs beskikbare bron van chroom wat gedurende die aanvangsperiode saam met Availa-4[®] of selfs Availa-Zn[®] alleen gevoer word, en is bewys om GDT te verhoog, VOV te verbeter en die immuunreaksie te versterk. Aanvullende chroom vir kalwers in die aanvangsfase verhoog die vlak van energie beskikbaar vir groei tydens periodes van stres.

Gerugsteun deur wetenskaplike navorsing, word die aanvulling van chroom in diere se aanvangsrantsoen sterk aanbeveel. Daar is egter geen gepubliseerde navorsingstudies wat die aanvulling van chroom in die groei- en afrondingstadië ondersteun en bewys dat die insluiting daarvan ekonomies regverdigbaar is nie.

Spoormineraal in 'n goedkoop anorganiese of hoogs beskikbare vorm?

Wanneer beeste 'n mineraal inneem, kan dit net een van drie roetes volg: Die mineraal kan bind met 'n antagonist en word dan net so uitgeskei, of dit bind nie aan 'n antagonist of 'n ligand nie en word bloot in die mis uitgeskei, of die mineraal vorm 'n kompleks met 'n ligand soos 'n aminosuur en word dan deur die dermwand geabsorbeer. 'n Anorganiese mineraalbron het dus 'n kans van een uit drie om geabsorbeer te word.

Om bloot die insluiting van anorganiese minerale in die rantsoen te verhoog, maak nie sin nie omrede dit toksisiteitsprobleme kan veroorsaak, te veel spasie in die rantsoen opneem en 'n algehele wanbalans in die rantsoen veroorsaak wat 'n antagonistiese omgewing skep vir die absorpsie van ander noodsaaklike voedingstowwe.

Die insluiting van 'n hoogs beskikbare mineraalkompleks soos Zinpro Performance Minerals[®] is noodsaaklik, want Zinpro het 'n unieke gepatenteerde proses waar die mineraal aan die aminosuur gebind word in 'n lae pH-oplossing om 'n hoogs stabiele vyfledige struktuur te vorm.

Die kompleks kan die onstuimige rumen-omgewing oorleef en ook die lae suurvlekke van die abomasum weerstaan sodat die mineraal saam met die aminosuur geabsorbeer word deur die dermwand en 'n produksiereaksie kan lewer. Die duurste spoormineraal is die een wat nie werk nie en diereprestasie is

die enigste bewys dat die mineraal werk, want beeste vertel nie leuens oor spoormineraalprestasie nie.

Watter spoormineraal-aanvulling?

Voerkraalprodusente word gebombardeer met nuwe aanvullings wat wonderlike resultate beloop. Met die lae voerkraalmarges in Suid Afrika kan geen produsent dit bekostig om enigiets tot 'n rantsoen toe te voeg indien daar nie 'n behoorlike ekonomiese opbrengs is nie.

Voerkraal het nie die infrastruktuur of tyd om self die doeltreffendheid van hierdie aanvullings te ondersoek nie en dit is dus die mineraalverskaffer se plig om die produsent van bewyse te voorsien (gerugsteun deur wetenskaplike navorsingstudies) dat die aanvulling 'n produksiereaksie en ekonomiese opbrengs tot gevolg het.

Hierdie produksiereaksie moet ook siklus ná siklus herhaal kan word sodat die produsent 'n konstante voordeel trek uit die aanvulling. Dit is belangrik dat die produksiestudies op vleisbeeste gedoen is, want 'n bees het 'n rumen en navorsingsdata kan nie bloot "oorgeneem" word van ander spesies nie.

Wie is Zinpro en Chemunique?

Chemunique is die plaaslike verspreider van Zinpro Performance Minerals®, wat die markleier in spoormineraal-aanvulling is. Die Chemunique-span is 'n groep gekwalifiseerde, toegewyde voedingkundiges met 'n opregte belangstelling in die veebedryf en winsgewendheid van plaaslike produsente. Zinpro is geanker as die leier in mineraalaanvullings in die VSA se voerkraalbedryf en is jare reeds die voorkeur-mineraal in die Suid Afrikaanse pluimvee- en suiwelsektor.

Die plaaslike voerkraalbedryf vergelyk net so goed, indien nie beter nie, met die beste in die wêreld in terme van doeltreffendheid, voeding en bestuurspraktyke, maar is afgeskeep met toegang tot navorsing en kennis. Chemunique fokus dus nou op hierdie uiters belangrike bedryf en beoog om relevante navorsing en kundigheid rondom voerkraalvoeding binne die produsent se bereik te plaas.

**Feit: Zinpro Performance Minerals® presteer.
Vraag: Wanneer maak jy die skuif na Zinpro?**

FACT

Cattle don't lie about trace mineral results.

For more than 40 years an uncompromising commitment to superior science and performance, has put Zinpro Performance Minerals® in a class by itself.

For further information visit www.zinpro.com/proven-science or contact Chemunique on +27 11 789 2414



www.chemunique.co.za



Performance Minerals® is a registered trademarks of Zinpro Corp. ©2014 Zinpro Corp. All rights reserved.